**Tjokkies Preprimêr**
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

30 April 2026
Kw. 2 NUUSBRIEF 2



## Kleuter Gholfbaan-uitstappie

Die kleuters sien opgewonde uit na ons uitstappie na die Schoemanpark Gholfbaan, as die weer dit toelaat. Hulle gaan op die baan stap, die natuur verken, op die gholfkarretjies ry en 'n heerlike ete geniet. Stel hul gerus dat ons mooi na hulle sal kyk op die bus en by die baan.

**Baie belangrik:** Al die kleuters móét asseblief by die huis iets eet voordat hul skool toe kom. Die stap is vêr en hul eet eers daarná hul kossies. Moenie 'n oggend-kosblik saam stuur nie, maar stuur 'n kleuter met iets in die magie.




**Datum** : Maandag 4 Mei

**Tyd** : Vertrek 8:00

**Drag** : Tjokkiedrag en tekkies, veters dubbelknope asseblief

**Vervoer** : Big Sky busse

**Koste** : Die skool bederf die kleuters deur die vervoer asook die kossies en koeldrank te subsidieer.

Onthou: Die kleuters stap hulself gou warm, moenie té dik aantrek nie.

# Naaste-aan-die-pen




**Wanneer** : Dinsdag, Woensdag en Donderdag 5, 6 en 7 Mei

**Wie** : Ouers of grootouers

**Waar** : Op die plastiekgras voor die Groenklas

**Koste** : R10 vir 3 houe - Volwassene slaan twee houe en kleuter een (Die kleuters het genoeg geleentheid deur die dag om ook te speel.)

- **Vir elke R10 is daar een gelukkige trekking uit die sakkie**
- **Daar sal 'n "naaste-aan-die-pen" wenner uit elke klas aangewys word.**

Kom speel saam en deel in die pret!! Kontant word aanvaar, maar kaartmasjien is ook beskikbaar.

# Kleuter-borgspeletjie



Álle vorms moet asseblief teruggestuur word skool toe, selfs al is dit leeg. Alle uitstaande vorms moet asseblief teen Maandag by die skool terugbesorg wees. Baie dankie vir alle vorms en gelde wat ons reeds ontvang het.
Ons waardeer die gesindheid en lojaliteit waarmee u hierdie projek ondersteun!

Vir ‘n vorm wat weg is moet u teen Maandag vir ons ‘n skriftelike verklaring gee en die bedrag van R200 aan die skool EFT.

**Let wel:** Karri sluit **vandag om 23:00.** Gelde moet asb via Karri betaal word anders EFT met u kleuter se “*naam + Borgspeletjie*”.



## Donasies en pryse

Help ons asseblief om alles sovêr moontlik teen Maandag in te bring. Ons sal nog “goodybag” items waardeer.



## Gholfkomitee

Komiteelede kom Donderdag, 7 Mei, om 17:15 by die skool bymekaar om die “goodiebags” te pak. Dankie vir alle items wat ons hiervoor ontvang het.

# Gholfdag, Vrydag 8 Mei

Op hierdie dag is al die oggendpersoneel by die Gholfbaan betrokke.

Die middag-personeel sal vanaf die oggend aan diens wees tot 17h00. Daar sal geen normale program of bederfdag wees nie, slegs toesig. Kleuters wat op hierdie dag kán tuisbly, mag tuis gehou word omdat die klasjuffrouens en oggendassistente nie by die skool sal wees nie. Baie dankie vir u begrip.

Hou duim vas dat die dag 'n groot sukses sal wees en so ons fondse sal versterk!



# SKOOLFOTO'S

Die individuele skoolfoto's sal binnekort beskikbaar wees. Ekstra bestellings sal direk by die fotograaf geplaas kan word.

*Klasfoto's word in die derde kwartaal geneem.*






## Touspring en veters vasmaak: Gr R


**Hierdie twee baie belangrike vaardighede moet voor Gr 1 by Gr R–kleuters vasgelê word.**

**Help asseblief tuis daarmee.**






## Naamskryf-week



Ons kleuters het hul name op allerhande verskillende maniere korrek leer skryf en vasgelê.







Dit was groot pret!

# Oueraand

Baie dankie vir elke ouer se teenwoordigheid by gisteraand se oueraand. Tjokkie-ouers is top!

Na aanleiding van Corina Botha se praatjie, vat ons graag met u as ouers hande om 'n groot poging aan te wend om elke kleuter se skoolgereedheid in alle opsigte te bevorder.

Vir 'n kleuter om hierby te baat, moet die kleuter 'n interne dissipline kan toepas, met ander woorde selfdissipline of 'n waarde-gedrewe dissipline.

Dit beteken die kleuter moet homself kan beheer en self struktuur kan toepas, sonder eksterne beheer of straf van die opvoeder af.

So 'n interne "kompas" bemagtig die kleuter om die regte ding te doen en ontvanklik te wees vir die leer wat moet plaasvind.

Met u samewerking en hierdie beginpunt, gaan al ons Tjokkies vinnig oppad wees na 'n suksesvolle skoolloopbaan!

# Koue

**Sommige oggende as die koue regtig knyp, sal die assistent wat op hekdiens is die hek vanuit die kantoor oopmaak en op kamera toesien dat die kleuters veilig binnekom. Ons wil probeer voorkom dat 'n assistent siek word deur so in die koue te staan. Indien u hulp nodig het, vergesel gerus u kleuter.**



# My gesin

Ons doen binnekort (vanaf 11 Mei) "My gesin" as tema.

Maak 'n punt daarvan om intussen oor die samestelling van u gesin te gesels. Beklemtoon elkeen in die gesin se rol en verantwoordelikhede, asook die band van liefde wat gesinne versterk. Kyk saam na die kinders se baba-foto's, lag saam en bid saam.

Gesinne is kosbaar - koester dit.

